## TER BEGELEIDING

Andermaal word in hierdie nommer van die *Studies* die referate weergegee wat op die jaarlikse kongres van die *Kerkhistoriese Genootskap* gelees is. Die kongres van 1962 is veral gewy aan die bespreking van die agtergronde en uitgangspunte van die geskiedenis- en kerkgeskiedskrywing. Dat dit noodsaaklik is om steeds hieroor te besin, hoef nie nader betoog te word nie. Die feit is egter dat in ons land baie min gepubliseerde werk hieroor die lig gesien het. Die twee referate wat hier weergegee word, hoef nie gesien te word as 'n poging om die bestaande leemte te vul nie, wel egter as 'n poging om in dié rigting te begin werk.

Terselfdertyd word 'n viertal herdrukke van historiese publikasies wat nie alleen van groot waarde is nie maar ook moeilik bekombaar is, hiermee aangebied. Die oorspronklike van al vier hierdie publikasies berus in die Argiefbiblioteek van die Kerk te Pretoria.

Die eerste publikasie *Eene Stem uit Mooirivier* wat uit 1855 dateer, is die eerste Herderlike Skrywe wat deur die Transvaalse Kerk aan sy lidmate gerig is en is opgestel deur die Algemene Kerkvergadering van 1855. Hier word in hoofsaak gehandel oor die verhouding van die onafhanklike Voortrekkerkerk in Transvaal tot die Ned. Gereformeerde Kerk in die Kaapkolonie.

Die tweede publikasie uit die jaar 1857, *Eene Stem uit de Kaapstad weerklonken in Mooirivier*, is tweeledig van aard. Enersyds is dit 'n herdruk van 'n skrywe van adv. C. J. Brand in verband met die gebruik van die Engelse taal in die godsdiensoefeninge van die Ned. Gereformeerde Kerk in die Kaapkolonie. Hierdie skrywe wat in die *Zuid-Afrikaan* van 5 November 1857 gepubliseer is, het sekere reaksies by ds. D. van der Hoff ontlok wat hy dan ook in die tweede deel van hierdie publikasie weergee. Hier gaan dit ook om die verhouding van die Kerk in Transvaal tot die Kerk in die Kaapkolonie na aanleiding van adv. Brand se opmerkings.

Die laaste drie herdrukke is almal strydskrifte wat in die jare 1870 en 1871 tussen ds. D. van der Hoff, die Ned. Hervormde predikant te Potchefstroom en ds. J. P. Jooste, die Ned. Gereformeerde predikant te Potchefstroom gewissel is. Die eerste aanval van ds. J. P. Jooste wat die eerste brosjure van ds. van der Hoff ontlok het, het verlore gegaan. Vermoedelik het dié opmerkings van *Veritas*, die skuilnaam van ds. J. P. Jooste, in 'n koerant van daardie dae verskyn wat verlore gegaan het. Die drie brosjures wat hier herdruk word, is aldrie oorspronklik by J. P. Borrius en Co. te Potchefstroom gedruk.

Hierdie strydskrifte handel oor die aangeleenthede wat in daardie dae strydpunte tussen die Ned. Hervormde en die Ned. Gereformeerde Kerk in Transvaal was. Ds. J. P. Jooste wat hier die stryd teen ds. van der Hoff voer, was vanaf 1868 tot 1880 predikant van die Ned. Gereformeerde gemeente te Potchefstroom. In 1880 het ds. Jooste sy standplaas taamlik skielik verlaat. In daardie jaar het die Transvalers die wapen teen Engeland opgeneem om hulle vryheid te probeer herower. Ds. Jooste het in die periode wat Transvaal geannekseer was, sy sterk Engelse simpatieë baie duidelik uitgespreek. Uit vrees dat dit hom daarom nie goed sou gaan as

die Transvalers hulle onafhanklikheid sou herower nie, het hy dit beter geag om die land te verlaat. Daarna het ds. Jooste 'n Ned. Gereformeerde gemeente in die Kaapkolonie bedien totdat hy in 1894 sy amp as Evangeliedienaar neergelê en die Kerk verlaat het.

Ds. J. P. Jooste was in sy aktiewe ondersteuning van die Engelse politiek in Suidelike Afrika nie 'n eenling onder die predikante van die N.G. Kerke nie. Inteendeel. Interessant is in hierdie verband die vermelding van die Vrystaatse krygsman C. C. J. Badenhorst wat Asst. Hoofdcommandant der Westelijke Afdeeling in die oorlog van 1899 tot 1902 was. Die verwarring en demoralisasie wat daar in die Vrystaatse krygsmagte in 1900, na die proklamasie van Lord Roberts was, wyt hy gedeeltelik aan die feit dat die predikante van die Vrystaatse N.G. Kerk die Vrystaatse krygsmagte in die steek gelaat het na die genoemde proklamasie. Hy stel in sy geskrif *Uit den Boeren-Oorlog* 1899–1902, Amsterdam-Pretoria 1903, bls. 18:

> „In den aanvang predikten zij (die predikante van die N.G. Kerk in die Vrystaat) onze zaak als een ‚heilige zaak'. Wij moesten strijden voor ons heilig recht en God zou ons helpen, maar de zoetklinkende proclamatie van Lord Roberts voor hen, die het nieuwe gezag zouden erkennen, scheen in hunne oogen, de heilige zaak, de zaak des geloofs, een zaak van eigenbelang te doen worden. Zoo ontvielen zij ons juist op een tijdstip dat hunne hulp en steun het meest werden vereischt om de officieren en burgers te bemoedigen en hunnen gemeenten voor te gaan niet met het geweer maar met de duidelijke uitlegging van het woord ‚Plicht' in de benarde omstandigheden des lands."

Die „geestelike swaard" waarmee die Afrikaner vir die Engelse politiek in Suidelike Afrika oorwin moes word, is in die vorige eeu al te dikwels deur predikante van die Ned. Gereformeerde Kerke gedra. Dit was een van die oorsake wat baie daartoe bygedra het dat die verhoudinge tussen die Ned. Hervormde Kerk en dié Kerke dikwels so gespanne was.

Tot slot wil die *Kerkhistoriese Genootskap* andermaal sy dank teenoor die Redaksie van die *Hervormde Teologiese Studies* uitspreek dat van die ruimte in hierdie blad gebruik gemaak kon word.

A. D. Pont

Februarie 1963.